Erfenisstigting-argief

**Verw. JP**

# INVENTARIS VAN DIE JONGERENPROJEK

Saamgestel deur: Petra Luus

April 2021

Pretoria

Voorwoord

Die Jongerenprojek, gestig in 1975, is ‘n gesamentlike projek van die Genootskap Nederland-Suid-Afrika (GNSA), gehuisves in Suid-Afrika, en die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) in Nederland. Die Vlaams-Suid-Afrikaanse Kultuurstigting het ook in die 1990’s hierby betrokke geraak. Hierdie projek behels die wedersydse besoeke van vier weke vir senior studente uit alle studierigtings aan die betrokke lande. Een jaar besoek ‘n sekere aantal Suid-Afrikaanse studente België en Nederland en die volgende jaar ontvang die GNSA weer dieselfde aantal studente uit België en Nederland.

Die oogmerk van die projek is om wedersydse kontak en betrokkenheid op ‘n verskeidenheid terreine tussen die onderskeie lande te bewerkstellig en te bevorder. Dit word gedoen deur senior studente uit alle studierigtings van die onderskeie lande op ‘n soort blitskursus eertehands te laat kennis maak met die lande en hul mense. Die studente gaan by gasgesinne of gasstudente tuis.

Die voertaal van die Jongerenprojek is Afrikaans/Nederlands. Deelname geskied by wyse van ‘n aansoek en keuringproses. Die Jongerenprojek het in die 1990’s ook begin bekendstaan as die “Jeugprojek”.

Die versameling is in Oktober 2009 deur Kas Landman aan die Erfenisstigting geskenk. Prof Landman was die voorsitter van die GNSA en projekleier vir die Jongerenprojek in die 1980’s en 1990’s. Die versameling bestaan uit 4 volumes en is in ‘n goeie kondisie. Dit is net so in die lêers gehou waarin dit ontvang is en volgens datum in die inventaris opgeskryf.